


Erewag van die Suid-Afrikaanse Weermag op die begraafplaas van Britse militêre by Donkerhoek rond die gedenksuil by die halfstokvlag op 8 Junie 1985. Die blomkrans staan op 'n ry gereed om by die gedenksuil gelê te word.

Foto: T.E. Andrews



Generaal C.L. Viljoen lê 'n blomkrans vir die gedenksuil vir gevallne Britse militêre by Donkerhoek op 8 Junie 1985.

Foto: T.E. Andrews

het, is voortgedryf deur 'n pligsbesef en 'n trou aan dit wat vir hulle heilig was.

Die hoofzaak van die SA Weermag in ons tyd is nog steeds om die soewereiniteit van ons land en sy mense met mag en krag te verdedig. Die Slag van Donkerhoek kan ook as blywende voorbeeld vir ons jong krygsmanne voorgehou word vir die wyse waarop vreeslose en heldhaftige optrede in die aangesig van groot gevaar sonder uitsondering die beste motivering en moreelbouer vir krygsmakers is. Ons het verneem hoedat duisende burgers na hulle plase teruggekeer het omdat hulle die stryd as verlore beskou het. Die veggees van die burgers by Donkerhoek het hulle egter gemotiveer om na die Kommando's terug te keer en die stryd vir nog drie jaar voort te sit.

Tans is ons land weer gewikkel in 'n stryd. 'n Stryd waarin gepoog word om ons land in chaos en anargie te dompel. Donkerhoek is ook vir ons die inspirasie om die soewereiniteit van ons land en dit wat vir ons heilig is, te verdedig. Enige mag wat wil poog om wetteloosheid en anargie te bewerkstellig sal met hierdie onverbiddelike wil om te wen rekening moet hou.

Churchill het tereg beweer dat 'n mens sonder kennis van sy geskiedenis soos iemand sonder 'n geheue is. Hy weet nie waarvandaan hy kom nie en hy weet dus nie waarheen hy oppad is nie.

'n Volk kan seker nooit genoeg doen om sy geskiedenis lewendig te hou en die belangstelling van veral sy jeug daarin te prikkel nie. Die beste manier om dit te doen is nie alleen om dit in boeke op te teken nie, maar om geleenthede te skep waar daar op lewende wyse met die verlede kennis gemaak word. In sy krygsgeskiedenis waarin 'n heroïese verlede uitgebeeld word, vind 'n volk altyd besieling vir sy toekoms. Die Slag van Magersfontein¹⁰ word reeds saam met hierdie slagveld op aanskoulike wyse aan besoekers voorgestel¹¹. Na ek verneem het, is die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum voornemens om 'n duursame reliëfmodel van hierdie slagveld te bou¹².

'n Mens sou ook graag wou sien dat die hele Donkerhoek-slagveldgebied 'n nasionale gedenkwaardigheid word wat groot getalle besoekers van oorsee en van hier te lande die geleentheid kan bied om op dié grond mee te lewe in 'n stukkie van ons roemryke krygsgeskiedenis.



Mag al die pogings in hierdie verband met groot welslae bekroon word. Ek dank u.

Aantekeninge van C. de Jong, redakteur

1. ZAR is die afkorting van "Zuid-Afrikaansche Republiek".
2. Aangehaal uit J.C. Smuts, "Memoirs of the Boer War", in W.K. Hancock and Jean van der Poel, *Selections from the Smuts papers*, University Press, Cambridge 1966, volume 1, p.537.
3. Bedoel is die oorgawe van die leër van generaal P.A. Cronjé aan lord Roberts by Paardeberg aan die Modderrivier op 27 Februarie 1900; dit was die beslissende wending in die oorlog.
4. Bedoel is hier die geveg by die spoorwegstasie Belmont ten suide van Kimberley; daar het lord Methuen met 'n Britse leër van De Aar opgeruk om Kimberley te ontset en op 23 November 1899 die Vrystaters teruggedryf.

Battle-Field Diamond Hill Donkerhoek- zevegsterrein

- British Army
- Britse Leër
- Boeremagte
- Boer Forces
- Museums
- Beacon/Baken
- Diamond Hill no.59



5. Hierdie omvleuelingstaktiek is toegepas deur generaal Ian Hamilton op die suidelike flank, maar dit het misluk omdat die Boere 'n kontrabeweging uitgevoer het. Op die suidelike flank het op 11 Junie 1900 die graaf van Ayrlic gesneuwel. Sy grafsteen is op die Britse militêre begraafplaas by Diamantkoppie langs die gedenkteken vir al die Britte wat daar lê.
6. Diamantkoppie was die sentrale stelling van die Boere en nie op die suidelike flank nie.
7. In werklikheid het Australiërs onder kolonel De Lisle nog nie deurgebreek nie maar die westelike deel van Diamond Hill beset.
8. 12 Junie 1900.
9. Die veldslag by Belfast, Berg-en-Dal of Dalmanutha op 27 Augustus 1900 was die laaste slag in die gereëldde oorlog in Suid-Afrika.
10. In die slag by Magersfontein op 11 Desember 1899 het generaal P.A. Cronjé lord Methuen verslaan en die Britse opmars om Kimberley te ontset gestuit.
11. Dit is 'n verwysing na die maket (model) van die slagveld by Magersfontein en die museum op die koppie van Magersfontein.
12. Die maket is geplaas kort voor die onthulling van die gedenkplaat by die Britse begraafplaas by Diamantkoppie.



Genl. C.L. Viljoen langs die gedenkplaat vir die Slag by Donkerhoek wat onthul is by die Britse militêre begraafplaas by Diamond Hill op 8 Junie 1985.

Foto: NASKO

Opskrif van Gedenkplaat by die Britse militêre begraafplaas by die Donkerhoekslagveld

In hierdie begraafplaas rus onder andere Britse soldate wat tydens die slag van Donkerhoek in die Anglo-Boere-oorlog (1899-1902) gesneuwel het. In Junie 1900 het 'n Boeremag van 4 000 man onder bevel van genl. Louis Botha hierdie rante oor 'n afstand van 40 km - vanaf Tierpoort in die Suide tot by Boekenhoutskloof in die Noorde - beset om die ooswaartse opmars van die Britte te stuit. In die daaropvolgende geveg op 11 en 12 Junie het 'n Britse mag van 20 000 man uit Pretoria, onder aanvoering van Lord Roberts, die Boerelinie aangeval. Na taai weerstand het Botha in die nag van 12 Junie onopgemerk in 'n ooswaartse rigting teruggetrek. Die Britse ongevalle was ongeveer 175, dié van die Boere 30. Dit was die vernaamste slag in die Pretoria-omgewing tussen die Britse leër en die Transvaalse mag tydens die Tweede Vryheidsoorlog.

Legend of the memorial plaque near the British military cemetery close to the battlefield of Diamond Hill

In this cemetery are buried, amongst others, British soldiers who fell at the battle of Diamond Hill during the Anglo-Boer War (1899-1902). In June 1900 a Boer force of 4 000 men, commanded by genl. Louis Botha, occupied these ridges over a distance of 40 km - from Tierpoort in the South to Boekenhoutskloof in the North - to stem the British eastern advance. In the ensuing battle on 11 and 12 June a British force of 20 000 men from Pretoria, under the command of Lord Roberts, attacked the Boer line. After strong resistance, Botha withdrew in an easterly direction under cover of darkness on 12 June. The British casualties numbered about 175 and those of the Boers 30. It was the most significant battle in the Pretoria area between the British army and the Transvaal forces during the Anglo-Boer War.

Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede National Monuments Council

1984

Die Kulturele Lewe van die Pretoriase Nederlanders, met Besondere Aandag aan die "Nederlandsche Vereeniging", 1890-1918

SAMEVATTING

deur **Robert Cornelis de Jong**

Studieleier en Promotor: Prof. dr. P.G. Nel.

Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis.

Graad waarvoor die verhandeling ingedien is: Magister Artium.

Die gangbare definisie van "Kultuur" as die "lewenstyl van 'n samelewing" was beslis van toepassing op die Pretoriase Nederlanders, weens hulle bedrywigheid op byna elke kultuurterrein. Veral voor 1900 was die Nederlandse gemeenskap die dominerende kultuurgroep in Pretoria, en hulle het aldus die basis neergelê waarop die kulturele ontplooiing van die Afrikaner ten dele kon plaasvind.

Sedert 1890 het 'n groot aantal Nederlandse immigrante hulle in die Zuid-Afrikaanse Republiek gevestig. Hulle was werksaam in die staatsdiens, onderwys, handel en die Nederlandsche Zuid-Afrikaanse Spoorweg Maatschappij (NZASM). 'n Hele aantal Nederlandse verenigings het hulle verskyning gemaak. Na die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) was die omstandighede anders. As 'n gemeenskap wat hom nóg aangetrokke gevoel het tot die triomferende Angelsaksiese bevolkingselement nóg tuisgevoel het in die opkomende Afrikanerdom het die Nederlanders hulself in talle verenigings teruggetrek en dus hulle kulturele identiteit behou. Na 1906-1907 as die hoogtepunt van die verenigingslewe het verskeie verenigings verdwyn. Oorsake vir die agteruitgang in die getal verenigings was verafrikaansing, die opkoms van 'n moderne vermaaklikheidslewe (soos bioskoop) en die moeilike tyd gedurende die jare 1902-1909 en die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918).

Alle Nederlandse verenigings het 'n paar gemeenskaplike kenmerke geopenbaar: 'n onafhanklike gees, 'n klein kern van gereelde lede, goed georganiseerde konserte en ander funksies en die gawe om op ongedwonge wyse vrolik fees te vier. Daar was meer kontak met die Afrikaners as met die Engelsprekende Pretorianers. Nederlandse verenigings se openbare mondstukke was meestal *De Vrije Opmerker* (1905-1907) en *De Spectator* (1910-1922), benewens *De Volksstem* (sedert 1905 *De Volkstem*).

Die belangrikste Nederlandse vereniging, asook die enigste wat uit die jare voor 1918 oorgebly het, was en is die Nederlandsche Vereeniging, opgerig in 1893. In 1918 het hy sy 25-jarige bestaan gevier, en daarom eindig die verhandeling met hierdie jaar. Baie aandag word aan dié invloedryke vereniging geskenk, waarby byna alle Nederlandse verenigings na 1903 aangeslote was. Die ander Nederlandse verenigings was op amper elke kultuurterrein aktief: politiek (een vereniging), ekonomie (een), liefdadigheid (twee), onderwys (twee), letterkunde (een), toneel (drie), sang (vyf), sang en toneel (twee), dans (een), sport (vyf) en sosiale verkeer (een). Daarbenewens kon nog tien ander verenigings opgespoor word wat egter slegs genoem word.

Die Pretoriase Nederlanders het nie alleen aan individuele verenigings se werksaamhede deelgeneem nie, maar het ook in wedersydse solidêre same-

werking ter geleentheid van 'n aantal manifestasies byeen gekom. Die ver- naamste hiervan was die jaarlikse viering van die geboortedag van Koningin Wilhelmina, sedert 1893. Hierdie hoofstuk is van besondere belang in die kader van die Koningin Wilhelmina-herdenking van 1980 (31 Augustus 1880-31 Augustus 1980). Ander gebeurtenisse was die viering van Prinses Juliana se verjaardag (1909-1918), die feestelike inwyding van die Pretoria-Delagoa-baai-spoorlyn (1895), die ontvangs van offisiere van die Hr. Ms. Johan Willem Friso (1897), pogings tot 'n eie Nederlandse verenigingsgebou (1905-1908), die Rembrandtfees (1906), die De Ruyter-herdenking (1907), die plasing van 'n gedenksteen ter ere van die Nederlanders wat in die Tweede Vryheids-oorlog gesterf het (1906-1909), die ontvangs van offisiere en bemanning van die Hr. Ms. De Zeven Provinciën (1911), deelname aan die Uniefeeste (1911), die Onafhanklikheidsfeeste (1913) en 'n paar feestelike maaltye en begrafnisse.

Die meeste van die eens bloeiende Nederlandse verenigings is tans lankal vergete. Alleen die Nederlandsche Vereeniging het as 'n aktiewe herinnering aan daardie onrustige tye oorgebly.

Die verhandeling sluit die volgende bylaes in: statute van die Nederland- sche Vereeniging (1904 en 1914), grafieke van die getal lede van die Neder- landsche Vereeniging per jaar, asook van die getal Nederlandse verenigings per jaar, 'n lys van bestuurslede van Nederlandse verenigings, die inskripsie van die gedenksteen ter ere van gesneuwelde Nederlanders, 'n lys van belang- rike Nederlanders wat in die teks genoem word, 'n lys van lokaliteite wat in die teks genoem word.

*The Cultural Life of the Netherlanders in Pretoria, with Special
Attention to the "Nederlandsche Vereeniging", 1890-1918*

SUMMARY

by Robert Cornelis de Jong

Study leader and Promotor: Prof. dr. P.G. Nel.

Department: Afrikaans and Netherlands Cultural History.

Degree: Magister Artium.

The current definition of "culture" as a "community's lifestyle" definitely applied to the Dutch in Pretoria on account of their being active in almost every cultural sphere. Especially before 1900 the Dutch were the dominant cultural group in Pretoria, and thus laid the basis on which the cultural growth of the Afrikaner depended in many ways.

Since 1890 a large number of Dutch immigrants settled in the South African Republic. Their professions mostly lay in the realms of the civil service, education, trade and the Netherlands South African Railway Company (NZASM). Quite a few Dutch societies made their appearance. After the Second Anglo-Boer War (1899-1902) the situation was different, and as a community which was neither orientated towards the victorious Anglo-Saxon element nor to the rising Afrikanerdom the Dutch withdrew in

numerous societies, and thus they preserved their cultural identity. After 1906-1907 as the climax of society life various societies again disappeared. Reasons for the gradual diminishing of their number were the loss of their Dutch character, the developing modern entertainment (for example cinema), the appearance of more professional celebrities and the difficult years during the period (1902-1909 and the First World War (1914-1918)).

All the Dutch societies had a few characteristics in common: an independent spirit, a small nucleus of regular members, well-planned concerts and other celebrations and the gift of organizing spontaneously gay occasions. They had more contact with the Afrikaners than with the English-speaking Pretorians. The Dutch societies mostly used the weeklies *De Vrije Opmerker* (1905-1907) and *De Spectator* (1910-1922) as their public mouthpiece, besides *De Volksstem* (since 1905 *De Volkstem*).

The most important Dutch society, and also the only one still active in Pretoria as a survivor of the years before 1918, was and is the "Nederlandsche Vereeniging" ("Dutch Society"), which was founded in 1893 and celebrated its 25th anniversary in 1918, reason for the thesis ending there. Much attention is given to this influential body, to which almost all Dutch societies were connected after its rebirth in 1903-1904. The other Dutch societies were active in virtually every cultural sphere: politics (one society), economics (one), charity (two), education (two), literature (one), theatre (three), singing (five), theatre and singing (two), dancing (one), sports (five) and social life (one). Besides these another ten societies could be accounted for, which, however, are only mentioned in the text.

The Dutch of Pretoria not only participated in activities pertaining to societies individually, but congregated in mutual cooperation on a solidary basis during a number of festive occasions. The most important of these was the annual celebration of Queen Wilhelmina's birthday, from 1893 onwards. This chapter is of particular significance to the Queen Wilhelmina Centenary of 1980 (31st August 1880 – 31st August 1980). Other occasions were the celebrating of Princess Juliana's birthday (1909-1918), the festive inauguration of the Pretoria-Delagoa Bay railway (1895), the visit of the officers of HMS Johan Willem Friso (1897), attempts at a Dutch society building (1905-1908), the Rembrandt festivities (1906), the De Ruyter Commemoration (1907), the placing of a memorial for the Dutch who died on the side of the Boer republics during the Second Anglo-Boer War (1906-1909), the visit of officers and crew of HMS De Zeven Provinciën (1911), participation in the Union Festivities (1911), the Dutch Independence Centenary (1913) and a number of burials and festive meals.

Most of the once flourishing Dutch societies are long forgotten nowadays. Only the "Nederlandsche Vereeniging" has remained as an active remembrance of those restless years.

The thesis contains the following supplements: constitution of the "Nederlandsche Vereeniging" (1904 and 1914), graphs of the number of members of the "Nederlandsche Vereeniging" per annum, as well as of the number of

Dutch societies per annum, the inscription of the memorial table in honour of the Dutch who gave their lives for the cause of the Boer republics during the Second Anglo-Boer War, a list of important Dutch personalities mentioned in the text, and a list of localities mentioned in the text.

HERINNERINGE AAN DIE NZASM IN EN OM PRETORIA (3) **Die NZASM-lokomotief en -rytuig op die Pretoriase hoofstasie** **deur C. de Jong**

Daar is enkele lokomotiewe en rytuie van die Nederlandsche Zuid-Afrikaanse Spoorweg-Maatschappij (NZASM) in Transvaal bewaar. Ou lokomotiewe ("loks") staan op die hoofstasies van Pretoria en Johannesburg, in die James Hall Transportmuseum te Johannesburg en voor die stasie van die spoorwegdorp Waterval-Boven; hulle is museumstukke. Op die spoorwegterrein Esselenpark by Johannesburg is nog 'n NZASM-lok in werkende toestand, is my meegedeel. Elkeen van die NZASM-loks het sy eie naam. Die hoofstasie in Johannesburg bewaar verskeie naamplate van gesloopte NZASM-loks.

Die lok op die perron van die Pretoriase hoofstasie dra die letters ZASM, netsoos die ander loks. Dit was die gebruikelike afkorting van die maatskappy se lang naam. Die lok in Pretoria dra in geelkopersyfers sy nommer, 242. Onder die letters ZASM is die groot embleem van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG) eweneens in geelkoper, bevestig. Dit beteken dat die ou lok 'n nasionale monument is.

Op een sykant van die lok is langs mekaar deur die RNG twee bronsplate aangebring, een met Engelse teks en een met Afrikaanse teks. Die Afrikaanse teks lui soos volg:

Hierdie lokomotief is op 17 November 1965 aan die Suid-Afrikaanse Spoorweë geskenk deur Consolidated Main Reef Mines and Estate Ltd. Jaar gebou 1897, vervaardiger Nederlandse fabriek
Oorspronklike eienaar NZASM
Gewig in bedryfstoestand 45 ton 15½ c.w.t.
Trekkrag bereken by 75% keteldruk 16 580 LB
Inhoudsvermoë: water 1503 gelling brandstof 4 ton
Jaar in diens gestel 1897 Jaar aan diens onttrek 1913

Hierdie lok is van die middelsware tipe.

Aan die swart lok is 'n donkerrooi geverfde rytuig gekoppel. Dit dra op sy sykante die groot embleem van die NZASM: 'n gevleuelde wiel waarvan 'n variant ook by die Suid-Afrikaanse spoorweë aangetref word op 'n halwe aardbol en daarbo in sierlik saamgevegte letters die monogram NZASM.